RAPPORT, Rondrits
Sunday, 31 January 2010, p. 8

Ethienne Barnard



Le Touessrok is meer as net nog 'n vakansiebestemming, dis 'n ondervinding wat lank nadat jy terug is, by jou sal bly

Le Touessrok word dikwels beskryf as 'n Mediterreense styl oord omring deur 'n strook poeierwitsand en die kristalhelder blou water van die Indiese Oseaan. Dit is onmoontlik om jou 'n meer romantiese bestemming voor te stel.

Ek het onlangs die voorreg gehad om dié ongelooflike oord te besoek met komplimente van World Leisure Holidays, Sun Resorts, Le Touessrok en in vennootskap met Air Mauritius en Avis Chauffeur Drive.

Hierdie multi-bekroonde oord, versprei oor 'n groep van eilande en met mekaar verbind deur bruggies, lê bakkend aan die ooskus van Mauritius, bekend as Trou d'Eau Douce Bay.

Met ons aankoms laataand word ons verwelkom onder 'n groot, uitgestrekte baniaanboom met verligte voëlkoukies. 'n Klein bruggie kronkel oor 'n koidam na die voorportaal. Besoekers word deur die prentjiemooi uitsig oor die swembad en Trou d'Eau Douce Bay begroet.

Die kamers het 'n uitsig oor die see en is beskut en privaat. Dit is heerlik om tussen die Egiptiese lakens in te kruip met die klank van die see se suising in jou ore.

Met sonop brou ek 'n koppie Illy-koffie en bekyk my kamer van nader. Dit is keurig gemeubileer met Kreools-geïnspireerde houtpanele. Die hardehoutblindings en glasdeure hou die hitte van die eilandson buite en ek sit en uitkyk op die see terwyl ek aan 'n stomende koffie teug.

Le Touessrok se 200 luukse kamers, suites en villas kronkel langs 'n pragtige kuslyn.

Op Frangipane-eiland vind besoekers die Barlen-restaurant: 'n feng shui- ontwerpte restaurant wat kontemporêre geregte soos sushi, sashimi, kerries van Mauritius en Japannese *chargrills* bedien.

'n Elegante houtbrug verbind Frangipane-eiland met die vasteland, waar gaste hulle kan verlustig in die Indiese kookkuns by die Safran-restaurant.

Safran, met sy oopplan kombuis, is 'n oop grasdak-eetkamer met uitsigte oor Hibiscus Beach en Trou d'Eau Douce Bay en bied 'n meer intieme eet-ervaring.

Die ander restaurant op die vasteland is Three-Nine-Eight. Hulle bedien ontbyt, middagete en aandete.

Le Touessrok is die ideale ontspanningsoord waar jy 'n verfrissende drankie op die strand kan geniet

Die Sega Bar in die middel van die hoofswembad bedien daagliks drankies en versnaperings en die 24 uur-kamerdiens verseker dat jy nie honger sal ly ná 'n middernagswem nie.

Ná my ontdekkingstog gaan neem ek 'n boek uit in die hotelbiblioteek, gaan my e-pos na en stap daarna luilekker terug om die res van die dag in die son te lê.

Die diens by Le Touessrok is werklik ongelooflik. Strand-*butlers* dwaal rond met vars vrugte, vrugtesap en drankies of kom met silwer skinkborde om jou sonbril vir jou skoon te maak.

Die volgende dag neem ek die vyf minute lange bootrit na Le Touessrok se eie private eiland, Ilot Mangénie. Dit is 'n verlate tropiese eiland met die Robinson's Bar, waar ek 'n Mauritius-rumbrousel in die hand gestop word. Dekstoele staan byna in die branders en koue drankies en vars seekos van Crusoe's word bedien om aan te peusel.

Die Ile aux Cerfs-eiland is die tuiste van Le Touessrok se watersportsentrum en Bernhard Langer se beroemde 18 putjie-gholfbaan. Die wateraktiwiteite of van te kies sluit in van waterski en skubaduik tot afkoel in een van die hotel se swembaddens. Die oord bied ook verskeie ander aktiwiteite, soos bootvaarte, seilplankry, gholf, tennis, perdry, visvang, valskermsweef, 'n gimnasium en vele meer.

Die klubhuis op Ile aux Cerfs is binne setafstand van die 9de en 18de setperke. Op dié eiland is ook Paul & Virginie, 'n restaurant waar vis, seekos, slaaie, pizza of eenvoudige, tradisionele disse van Mauritius die spesialiteite is.

Die Ile aux Cerfs- en Illot Mangénie-eilande is albei slegs 'n 10 tot 15 minute lange gratis bootrit van die vasteland.

Ná 'n dag van sonbaai, swem en watersport was dit tyd vir ontspanning by die oord se Givenchy Spa. Die spa, met sy vriendelike terapeute, kan help met elke skeet waaraan jy kan dink en die ylang-ylang-massering word sterk aanbeveel.

By die oord word daar ook na die kinders omgesien. Die T-klub is 'n ware wegkruipplek omring deur pragtige natuurskoon en 'n verlate, "geheime" Sherwood-woud. Dit het 'n seerowerskip en kunsgeriewe, 'n skaduswembad vir die kinders en verskeie kamers met speletjies, rekenaars en DVD's.

As jy nie 'n keuse het as om jou te moet wegskeur van op 'n wit strand lê nie en eenvoudig met jou kantoor móét kontak maak, is daar wi-fi en rekenaars op aanvraag.

Le Touessrok is nie net 'n vakansiebestemming nie, dit is 'n plek wat jou sintuie elke oomblik van die dag laat oortyd werk.

Vir brosjures, besprekings of inligting kontak World Leisure Holidays by ☎ 011 285 2500 of ☎ 0860 954 954 of e-pos na res@wlh.co.za. Besoek ook hul webwerf by www.wlh.co.za